

Mercedesrit in die aand – Willem Krog

Vrae

1. Waarna verwys die titel “*Mercedesrit in die aand*”?
2. Watter woorde in die eerste strofe sluit by die titel aan?
3. Wat beteken die reel “*stukkende bedelvaandels wapper wanhopig*”?
4. Watter gedagte dra die digter oor as hy sê dat die bestuurders van die motors se “*monde moeg gesluit*” is? Waarom, dink jy, gebruik hy die Engelse woord “*executives*” vir die Afrikaanse bestuursamptenare?
5. Waarom is die woord “*bedelvaandels*” en die feit dat dit “*wapper*” ironies?
6. Waarom gebruik die spreker die woord “*vaartuig*” in plaas van “*voertuig*” vir die Mercedes?
7. Wat beteken dit letterlik dat die Mercedes in strofe 3 “*blink*” en in 'n “*ster geklink is*”?
8. Wat impliseer dié beskrywing van die Mercedes in strofe 3?
9. Waarom noem die digter die bestuurder van die Mercedes „n “*stuurman*”?
10. Wat lei ons daaruit af dat die bestuurder met “*sagte leer omhul*” word in strofe 3?
11. Die woorde “*sagte leer*” in strofe 3 word teenstellend verbind met “*stukkende bedelvaandels*” in strofe 2. Wat impliseer dié kontras?
12. Hoe moet ons in strofe 3 verstaan dat die Mercedes uit die opbrengs van die “*slawemaal*” betaal is?
13. Deur watter verstegniek word die “*executives*” beklemtoon?
14. Watter woorde en of uitdrukkings suggereer die weelde van die “*executives*” se motors?
15. Watter woord in strofe 2 beskryf die situasie van die straatkinders en bedelaars?
16. Wat is 'n “*slawemaal*”? r. 9
17. Wat noem ons die driereëlige strofes waaruit die gedig opgebou is?
18. Wat word die soort slot genoem wat die openingstrofe (met geringe afwyking) van die gedig herhaal?
19. “*Mercedesrit in die aand is 'n hedendaagse protesgedig.*” Stem jy met hierdie stelling saam? Skryf 'n literêre opstel waaruit blyk hoe jy die gedig in al sy besonderhede begryp. (200 tot 250 woorde)